KENNISGEWING 53 VAN 2020

KENNISGEWING
VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE TLOKWE DORPSBEPLANNINGSKEMA 2015, OP DIE GEDEELTE 1 VAN ERF 1134, POTCHEFSTROOM, IN TERME VAN ARTIKEL 62 VAN HOOFSTUK 5 VAN DIE TLOKWE STADSRAAD RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIK- BESTUURSKEMA VERORDENING, 2015, SAAMGELEES MET DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKSBESTUUR, 2013 (WET 16 VAN 2013) – WYSIGINGSKEMA 2354

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 92 van Hoofstuk 6 van die Tlokwe Stadsraad Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuurskema Verordening 2015, dat ondergemelde aansoek deur die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit ontvang is en ter insae beskikbaar is gedurende gewone kantoorure te die kantoor van die Departement Menslike Nedersettings en Beplanning, JB Marks Plaaslike Munisipaliteit, Kantoor 210, Tweede Vloer, Dan Tloome Kompleks, op die hoek van Wolmaransstraat en Sol Plaatjielaan, Potchefstroom (epos: mariusl@jbmarks.gov.za) of by die hieropvolgende adres van die gemagtigde agent soos onderaan genoem.

Enige beswaar/vertoë moet skriftelik, of mondelings indien nie kan skryf nie, by of tot die Munisipale Bestuurder voor die sluitingsdatum vir die indiening van besware/vertoë by genoemde adresse of na Posbus 113, Potchefstroom, 2520 ingedien of gerig word, met vermelding van bogenoemde opskrif, die beswaarmaker se belang in die saak, die grond(e) van die beswaar/vertoë, die beswaarmaker se erf, telefoonnommers en adres.

SLUITINGSDATUM VIR DIE INDIENING VAN BESWARE/VERTOË: 17 September 2020

AARD VAN AANSOEK:
Ek, L.J. Botha van H & W Town Planners BK [Reg No. 2006/148547/23], synde die gemagtigde agent van die eienaar, is van voorneme om by die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit aansoek te doen om die dorpsbeplanningskema bekend as die Tlokwe dorpsbeplanningskema, 2015, te wysig, deur die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 1134, Potchefstroom, Registrasie Afdeling IQ, Noordwes Provinsie [geleë te Reitzstraat 35] vanaf "Residensieël 1" na "Residensieël 3" met Bylae 1822 om ontwikkeling te beperk tot a maksimum van 10 "Wooneenhede". Dit is die voorneme van die eienaar om die Erf te hersoneer ten einde voorsiening te maak vir medium-digtheid residensiële wooneenhede.

Eienaar: L. Smuts (ID nr: 470221 5046 08 4)
Adres van gemagtigde agent: H & W TOWN PLANNERS CC (2006/148547/23), DU PLOOYSTRAAT 17, POTCHEFSTROOM, 2531, POSBUS 1635, POTCHEFSTROOM, 2520, TEL: 018 297 7077, e-pos: louis@hwtp.co.za (HB202018)
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER **Kennisgewingno.** : 47/2020

18-25